Bylaag F
Model vir Kerkeenheid VGKSA en die NGK

Dr MA Van-Huffel-Plaatjies Mei 2004

1. Die soeke na kerkeenheid het noodwendig te doen met:

1.1 Die model, Die belydenis, Die kerkorde

1.2 Die Drie formuliere van Eenheid asook die Belydenis van Belhar is van imperatiewe belang in die soeke na 'n eenheidsmodel

1.3 Kerke wat een is, tree in een kerkverband en onderskryf saam een belydenis.

1.4 Vir die VGKSA is die Belydenis van Belhar nie opsioneel of vervangbaar nie.

1.5 In die eenheidsdiskoers staan die konfessionele basis, die kerkmodel en die naam van die kerk sentraal.

2. Historiese Agtergrond vir die Eenheidsmodel van die VGKSA

2.1 Die huidige orginisatoriese eenheidsmodel wat die VGKSA voorstaan het 'n lang historiese aanloop

2.2 Hierdie historiese aanloop moet na my mening deeglik in berekening gebring moet word in die eenheidsdiskoers

2.3 Daar was sedert die sewentiger jare 'n strewe na kerk-eenheid. NGKA besluit 1970 dat die kerkeenheid 'n Bybelse opdrag is.

2.4 1974 - In **Ras volk en Nasie en volkere verhoudinge 1974** stel die NGK dat daar net een ware kerk, van Xtus ongeag biologiese, kulturele, nasionale en/of andere faktore kan wees **NGK** gaan v/d voorveronderstelling uit dat die eenheid van die kerk 'n eenheid in Christus is.

2.5 **10-12 Februarie 1976** te Turfloop konfereeer 200 leraars en evangeliste van die NGKA, NGSK en RCA asook enkele predikante van die NGK oor die tema DIE EENHEID VAN DIE KERK.

2.6 Daar is onder andere saamgestem dat: Kerkeenheid 'n Bybelse eis en 'n goddelike gawe; die eenheid in die NGK familie meer sigbaar uitdrukking moet vind.

2.7 **Algemene Sinode van die NGKA 1978** & **NGSK Sinode 1978** wys idee van 'n oorkoepelende Sinode af.

2.8 Dit word onaanvaarbaar gevind dat 'n oorkoepelende sinode bindende besluite sal kan neem

2.9 'n Oorkoepelende Sinode sou inbreuk maak op die outonomiteit van selfstandige sinodes.

2.10 Die **NGSK Sinode 1978** besluit dat kerkvereniging vanaf gemeentelike vlak beskou moet word as die enigste gereformeerde basis waarop onderhandelings gevoer sal word met die oog op die konkrete realisering van die Godgewe eenheid binne die familie van die NGK.

2.11 **Die Kerk en Samelewing 1986, die Werksdefinisie vir Sending 1986 en Die Belydenis van Belhar 1986** en die afwysing van die federale model sou 'n onmiskenbare invloed uitoefen op die VGKSA se eenheidsmodel

2.12 **Kerk en Samelewing :**

2.12.1 Die legitimasie en wedersydse beroepbaarheid v/d evangeliedienaars van die NGK famile word aanvaar.
2.12.2 Die viering van gesamentlike Christelike feesdae, nagmaalvieringe en die hou van konferensies word goedgekeur.
2.12.3 Kerklidmaatskap van die NGK word oopgestel.
2.12.4 Die NGK is te vinde vir sporadiese samekoms van gemeentelede van die verskillende NGKerke vir besondere geleenthede.

2.13 Werksdefinisie vir Sending 1986

2.13.1 Die eenheid van die kerk is die toetsteen is vir die getuienis aangaande die koninkryk.
2.13.2 Die eenwording binne die NGK-Familie moet op plaaslike en op breë vlak dringend gesoek word.
2.13.3 Eenheid moet op gemeentelike vlak sowel as in die strukture van die Kerk bewerkstellig word.

2.14 Die Belydenis van Belhar 1986

2.14.1 Stel dit dat die eenheid van die kerk beide gawe en opdrag is.
2.14.2 En dat dit 'n werklikheid is waarna gesoek behoort te word.
2.14.3 Hierdie eenheid moet sigbaar wees sodat die wêreld kan glo.
2.14.4 Die kerk behoort vir eenheid te stry.
2.14.5 Die kerk is teen enige vorm van verdeeldheid.

2.15 Die Federale Model

2.15.1 Die Federale Raad was nie as voldoende beskou vir die uitdrukking van die strukturele eenheid van die NGK Familie nie. Organisatoriese eenheid op alle vlakke was voorgestaan teenoor die federale model

2.15.2 Doelstellings van die Federale Raad

1. Om alle Moeder en Dogterkerke *saam te snoer in 'n gemeenskaplike raad.*
2. En hul te verenig in hulle getuienis vir die evangelie en die opbou van die koninkryk van God.
3. Om mekaar op gemeenskaplike grond te ontmoet en alle aangeleenthede wat verwydering skep eerlik onder oë te sien en met mekaar as Christene van dieselfde belydenis te bespreek, en indien nodig, te besleg.
4. Elke lidkerk behou hul wetgewende, regsprekende en administratiewe mag.
5. Die raad sal geen bevoegdheid hê om besluite mbt interne partikulêre sake van lidkerke te neem nie.
6. Die besluite van die raad sou bloot ***adviserend*** wees.

3. Die Konvent 2000

3.1 'n **Konvent tussen die VGKSA** Streeksinode Kaapland, (NGKerk Wes - en Suid-Kaap en Oos-Kaapland het gedurende plaasgevind.

3.2 Die vraag tans in VGK geledere is in hoe 'n mate die vorming van konvente op sinodale en/of plaaslike vlak ooreenstem met die federale model van kerkeenheid wat deur die voormalige NGSK en NGKA afgewys is

3.3 Die konvent nes die Federale Raad het geen bindende gesag nie

3.4 Die ***adviese*** van die Konvent kan geignoreer word, aangesien die Konvent geen ***bindende gesag*** op die deelnemende kerke (sinodes) het nie.

3.5 Besluite van konvente is eers bindend nadat die lidkerke daaroor besluite geneem het.

3.6 Daarteenoor kan Sinodes bindende besluite neem.

4. Huidige gestaltes van eenheid

4.1 Die VGKSA , Streeksinode Kaapland, die NGKerk Wes - en Suid-Kaap en die NGK in Oos-Kaapland is besig om op organisatoriese vlak stelselmatig een te word bv.

4.2 diakonaat,

4.3 getuienisaksie,

4.4 kuratorium jeugwerk ens. is besig om stelselmatig te amalgameer en of samewerkings ooreenkomste te sluit.

4.5 Die VGKSA staan egter volledige eenheid op plaaslike vlak voor.

4.6 Die kernvraag waarmee die VGKSA tans worstel is:

4.6.1 Verskil die talryke samewerkings-ooreenkomste en plaaslike eenheidsinisiatiewe werklik van die eerstydse *federale model?*

4.6.2 Dien die gestaltes van eenwording en/of samewerkingsooreenkomste ons droom om een te word?

Almagamasie van Kommissies



16

5. Evaluering van Eenheidsinisiatiewe in die NGK-Familie

5.1 Die klem val tans op *skakeling en raadpleging*, samewerking en die band tussen die lede van die kerkfamilie word tans verstewig, maar sonder prysgawe van outonomiteit

5.2 *Skakeling en samewerking* is twee sleutelwoorde in die huidige eenheidsmodel.

5.3 Die klem val op gemeenskaplike projekte, saam kom, saam beplan, saam bid, saam doen, verbondsluiting, plaaslike konvente, gestaltes van eenheid, ens.

5.4 Die klem val op ooreenkomste en verhoudingsbou.

5.5 'n Onderskeid word in die model gemaak tussen *eie sake* en dinge wat *gesamentlik* gedoen kan word.

5.6 Die klem val op die vestiging strukturele eenheidsbande op kommissie en plaaslike vlak.

5.7 Die outonomiteit van die NGK en VGKSA word in die model net soos in die geval van die Federale model nie ingeboet nie.

6. Kerkverband en die oorkoepelende sinode

6.1 Die VGKSA Streeksinode Kaapland gaan van die voorveronderstelling uit dat dit nie moontlik is nie om buite die Belydenis van Belhar en sonder inagneming van die prosesse op Algemene Sinodale vlak 'n eenheidsinode / oorkoepelende sinode/ parallelle sinode op Streek-sinodale vlak te vorm waar elkeen hul eie sake afsonderlik bedryf en sekere sake gesamentlik gedoen word.

Oorkoepelende Sinode



6.2 Die VGKSA tree dus of in een kerkverband met lede van die Gereformeerde familie tree of behoort aan verskillende kerkverbande.

6.3 Al die kerk vergaderings bv kerkraadsvergadering,ringsvergadering, sinodale vergaderings is immers verbind aan 'n interne verbandsreg wat in die Bybel, belydenisskrifte en kerkorde opgesluit is

6.4 Indien die Wesland Verenigde Ring se samewerkooreenkoms as 'n moontlike riglyn vir die eenheidsinode gebruik word, moet daarvan kennis geneem word dat hierdie model nog nie deur die VGKSA Streeksinode Kaapland aanvaar is nie. Die eenheidstruktuur volgens die Wesland Verenigde Ring lyk blykbaar soos volg:



17

7. Die Eenheidsinode en kerkregtelike implikasies

7.1 Mbt die hou van 'n eenheidsinode moet ag geslaan word op die volgende:

7.1.1 Kerkregtelike implikasies: Wat sê die artikels, bepalings, reglemente?

7.2 Gemeenregtelike implikasies: Hoe kan ons gemeenregtelik ons regspersoon opgee en in 'n nuwe kerkverband opgaan?

7.3 Klaarblyklik word voorveronderstel dat die eenheidsinode 95% sake sal kan afhandel en oor 95 % van sake besluite sal kan neem en ongeveer 5% sal eie sake wees wat deur die deelnemende sinodes afsonderlik in behandeling geneem sal moet word.

7.4 By die eenheidsinode sal kerke klaarblyklik bymekaar kom vir gesamentlike sake en afsonderlik vergader vir eie sake.

7.5 Die VGKSA sal hierdie eenheidsmodel eers op sinodale vlak moet voorlê vir goedkeuring

Eenheidssinode



18

7.6 Wanneer die sinode bv. besluit om met 'n ander Gereformeerde kerk te verenig, of 'n eenheidsinode te stig word die sinodale besluit nie *ipso facto* die besluit van 'n kerkraad nie.

7.7 Kerkrade kan wel besluit(e) van die meerdere vergaderings met betrekking tot kerkeenwording bekragtig.

7.8 Die kerkegterlike weg is dat die kerkraad op 'n kerkraadsvergadering nadat hul die gemeente getoets het besluit om of :

7.8.1 In 'n verenigingsmodel op te gaan, en in 'n nuwe kerkverband op te gaan
7.8.2 om buite die eenheidsproses te bly.

8. VGKSA se Model van Kerkeenheid

8.1 Die VGKSA staan volledige kerkeenheid voor, wat beteken dat daar op alle vlakke volledige eenwording moet kom.

8.2 En dat die outonomiteit van die onderskeie sinodes van die VGKSA en die NGK uiteindelik ingeboet sal word.

8.3 Alreeds gedurende 1978 het beide die NGKA asook die NGSK besluit teen 'n oorkoepelende sinode.

8.4 Die kerkeenheid model wat die VGKSA voorhou is die opgee van outomomiteit van die onderskeie sinodes en die opgaan in een kerkverband

8.5 Die VGKSA staan afwysend teenoor strukturele eenheid buite die Belydenis van Belhar 1986 om.

8.6 Die VGKSA beweeg van die voorveronderstelling uit dat kerkvereniging vanaf gemeentelike vlak beskou moet word as die enigste gereformeerde basis waarop onderhandelings gevoer sal word met die oog op die konkrete realisering van die Godgewe eenheid binne die familie van die NGK.

8.7 Die VGKSA het met die SK Craddock 2003 se besluit mbt die eenheidsinode die strukturele eenheidsmodel van die VGKSA voorveronderstel

8.8 Klem behoort volgens die VGKSA in die kerkeenheidsmodel te val op:

8.8.1 Konfessionele eenheid [Drie Formuliere van Eenheid en Belydenis van Belhar]

8.8.2 Een kerkorde

8.8.3 Een kerkverband: gemeente/ ring/ Sinode

8.8.4 Een naam

8.8.5 Verafrikanisering van Gereformeerde identiteit bv liturgiese gebruike, formuliere, gesange ens

43

9. Wat kan ons doen om die daarstelling van 'n model vir kerkeenheid te bespoedig ?

9.1 Ons kan saam bid, konfereer, bedieninge hou,

9.2 Ons kan saam soek na eenheid, geregtigheid, vrede, versoening.

9.3 Ons behoort saam te soek na die konfessionele basis van ons eenheid.

9.4 Ons behoort die nodige kerkordelike wysigings mbt kerkmodelle na die deelnemende sinodes te verwys vir goedkeuring